higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3

(5050053)

4 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

044Q1N2204

Copyright reserved

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae sorgvuldig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer

1.1.1 Humaniste glo in die kapasiteit van alle mense om hul denkvermoë te ontwikkel en die natuurlike begeerte van die hele mensdom om kennis te bekom.

1.1.2 Die versteekte kurrikulum verwys na die dinge wat op skool geleer word.

1.1.3 Die kurrikulumteorie van vakgerigte onderwys gaan oor die oordrag van kennis van een generasie na die volgende.

1.1.4 William Spady het UGO ontwikkel en gehelp met die implementering daarvan in Suid-Afrika.

1.1.5 Buitemuurse aktiwiteite soos karate en ander sportsoorte was nog nooit deel van uitkomsgebaseerde onderrig nie.

1.1.6 John Carroll, een van Bloom se kollegas, het die idee van tyd wat nodig is om te leer versus tyd beskikbaar om te leer aangebied.

1.1.7 Probleemoplossing is 'n basiese menslike leerproses waardeur ons werklike uitdagings aanpak, kennis opdoen en uit ons ervarings leer.

1.1.8 'n Reël vir opvoeders ten opsigte van besprekings is dat hulle gesprek moet oorheers.

1.1.9 Navorsing is 'n ander manier om voorheen onbekende inligting in te samel en te interpreteer.

1.1.10 SAKO (‘SAQA’) is 'n organisasie wat vir die registrasie en akkreditasie van nasionale standaarde en kwalifikasies verantwoordelik is.

(10 × 1) (10)

1.2 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) bied 'n geleentheid aan individue vir verdere studie en opleiding buite die formele onderwysstelsel.

Noem en verduidelik die DRIE hoofstadia van die nasionale onderwysstelsel.

(3 × 3) (9)

1.3 Waarvoor staan die afkorting OOV (‘AET’)? (1)

[20]

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur een opsie uit die lys hier onder te te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Abraham Maslow; Dewey; komplekse; hulpbronne; SOOO'e; gemeenskapgesentreerde benadering; mikro-; bemagtig; kognitiewe domein; tempo; makro; fisiese domein; beplande kurrikulum

2.1 … is die sielkundige wat die hiërargie van menslike behoeftes gekonseptualiseer het.

2.2 Die ... word in 'n in 'n prospektus of sillabus vasgelê.

2.3 Die ... staan ook as sosiale meliorisme bekend.

2.4 Planne of besluite wat in die klaskamer deur opvoeders en leerders geneem word, is deel van ... beplanning.

2.5 Leerders moet … word om verantwoordelikheid vir hul eie leer te neem.

2.6 Die … fokus op kennis, inligting, hoërorde denke en intellektuele vaardighede en vermoëns.

2.7 Leerders moet voortbou op vorige leer om meer ... vlakke van begrip te bereik.

2.8 Die … kan in die klaskamer aangepas word om aan die uitkomste van 'n spesifieke vak te voldoen.

2.9 Die ... is gestig om die verskillende ekonomiese sektore met opleiding te steun.

2.10 Alle leerders kan leer, maar almal leer nie teen dieselfde ... nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrying in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Na 'n gedeelde ervaring ondersoek die medebelanghebbendes 'n reeks vrae wat ontstaan het	A	kindgesentreerde siening
3.1.2	Die doel van hierdie tipe skryfwerk is om die leser van 'n bepaalde standpunt te oortuig	B	kennisgesentreerde siening
3.1.3	Dit is op die kind se behoeftes en belangstellings gefokus	C	ondervraging/uitvraery
3.1.4	Leer beklemtoon die noodsaaklike rol van 'n opvoeder in die bepaling van die gang van leer	D	makro beplanning
3.1.5	Op hierdie vlak word die kurrikulum van die skool as geheel in oënskou geneem	E	meso beplanning
3.1.6	Dit behels beplanning op 'n horisontale geïntegreerde vlak	F	oorredend
3.1.7	'n Leerversteuring wat die vermoë om te lees, spel, skryf en praat beïnvloed	G	inleiding
3.1.8	'n Ontwikkelingsversteuring wat deur probleme met betrekking tot sosiale interaksie en kommunikasie gekenmerk word	H	disleksie
		I	outisme
		J	interaksies

(8 × 1) (8)

3.2 Gee 'n beskrywing van die volgende woorde:

3.2.1 Implementeer

3.2.2 Grondbeginsels van onderrig

3.2.3 Vrywillig

3.2.4 Totaliteit

3.2.5 Persepsie

3.2.6 Beginsel

(6 × 2) (12)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Gee 'n beskrywing van Bloom se teorie oor bemeesteringsleer (‘mastery learning’). (3)

4.2 Een van die doelwitte van UGO is om die gapings in onderwys te oorbrug en om meer beroepsgerigte programme te hê.

4.2.1 Dink jy die NSB-kwalifikasie van Onderwys en Ontwikkeling word toepaslik deur die mark erken? Noem slegs 'Ja' of 'Nee'. (1)

4.2.2 Gee TWEE redes vir die antwoord op VRAAG 4.2.1. (2 × 2) (4)

4.3 Beantwoord die vrae oor die prent hieronder.



[Bron: *Unicef-Lego-Foundation-Learning-through-Play*]

4.3.1 Noem die koöperatiewe leerbeginsel wat in die prent gesien kan word en verduidelik die beginsel wat jy genoem het. (1 + 2) (3)

4.3.2 Noem DRIE vaardighede wat die leerders sal ontwikkel wanneer hulle saamwerk. (3)

4.3.3 Koöperatiewe leer word in kategorieë verdeel waar die struktuur en metodes verduidelik word.

Gebruik die stelling en prentjie hierbo om die volgende uit te wys:
a. Die kategorie
b. Die struktuur
c. Die metode vir koöperatiewe leer

(3 × 2) (6)

4.4 Noem die beginsel van koöperatiewe leer in elk van die volgende stellings:

4.4.1 Die opvoeder moet gemeenskaplike doelwitte daarstel sodat leerders mekaar sal help om te leer.

4.4.2 In koöperatiewe lesse is daar twee vlakke van aanspreeklikheid.

4.4.3 Dit behels dat leerders mekaar se leer en sukses sal aanmoedig deur hulpbronne te deel en mekaar se pogings om te prestreer sal prys.

4.4.4 Groeplede identifiseer hul sterk- en swakpunte en bespreek opsies om die doeltreffendheid van die groep te verbeter.

4.4.5 Leerders moet akademiese inhoud aanleer deur aan take te werk terwyl hulle steeds goed as 'n span funksioneer.

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen die volgende:

5.1.1 Normverwysde assessering

5.1.2 Kriteria-verwysde assessering (2 × 2) (4)

5.2 Gee EEN rede waarom elk van die volgende terme vorige opvoedkundige terme vervang het toe UGO in Suid-Afrika geïmplementeer is:

5.2.1 Leerders

5.2.2 Opvoeder

5.2.3 Grade

5.2.4 Uitkomste

5.2.5 Leerarea

(5 × 2) (10)

5.3 Noem SES voordele van die uitkomsbenadering tot onderwys. (6 × 2) (12)

5.4 Die onderrigstrategie begin met die aanbieding van die lesinhoud.

Noem TWEE basiese dele van die lesinhoud. (2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 6

6.1 Die Departement van Onderwys het die onderwysstelsel op grond van die waardes en beginsels van ons grondwet ontwikkel.

Noem TIEN kernwaardes wat in die grondwet omvat word. (10)

6.2 Verduidelik kortliks hoe die opvoeder die lewe van oudpresident Mandela in lesse oor sosiale geregtigheid kan integreer.

(4 × 2) (8)

6.3 Noem NEGE aspekte wat 'n opvoeder in aanmerking moet neem om sosiale verantwoordelikheid in 'n klaskameropset te bevorder. (9)

6.4 Noem DRIE riglyne oor hoe om betekenisvolle bydraes tot 'n bespreking te maak. (3)

[30]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr Van der Merwe is 'n Natuurwetenskaponderwyser van 'n graad 4-klas. Die inhoud van sy les vir die week is, ‘Hoe plante groei’. Hy besluit om 'n eksperiment te gebruik sodat leerders kan ervaar en ontdek hoe plante groei. Hy gebruik twee blomstele, elk met 'n wit blom, twee deursigtige flesse en rooi voedselkleursel. Hy sit een blom in skoon water en 'n ander blom in rooi gekleurde water en vra die leerders om waar te neem wat deur die loop van die week gaan gebeur. Die wit blare het na rooi verander.

7.1 Watter metode van onderrig word deur mnr Van der Merwe gebruik? (2)

7.2 Verduidelik hoe mnr van der Merwe die leerders betrek. (3)

7.3 7.3.1 Noem die tipe vraag wat mnr Van Der Merwe kan vra om te sien of die leerders verstaan. (1)

7.3.2 Gee DRIE voorbeelde van vrae wat hy kan vra. (3 × 2) (6)

7.4 Motiveer waarom mnr Van der Merwe die reflektiewe vraagtegniek agterna kan gebruik. (2 × 2) (4)

7.5 Noem en verduidelik VYF sleuteltegnieke wat opvoeders moet bemeester wanneer hulle die vraag-en-antwoord-metode gebruik. (5 × 2) (10)

7.6 Beskryf kortliks die betekenis van die volgende beginsels van kurrikulumontwerp in die praktyk:

7.6.1 Progressie

7.6.2 Integrasie

(2 × 2) (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 Onderskei tussen die volgende:

8.1.1 Verklarende onderrigmetode

8.1.2 Deelnemende onderrigmetode

(2 × 3) (6)

8.2 Noem en beskryf SES deelnemende onderrigmetodes wat vir onderrig en leer oor die omgewing geskik is. (6 × 2) (12)

8.3 Lesbeplanning verg kreatiewe en organisasievaardighede.

Verduidelik die volgende stappe in die lesplan deur praktiese voorbeelde te gee van hoe en wat jy vir die leerders gaan beplan.

8.3.1 Stap 1: Titel

8.3.2 Stap 2: Uitkomste

8.3.3 Stap 3: Lesinhoud

8.3.4 Stap 4: Inleiding

(4 × 2) (8)

8.4 Gee TWEE redes waarom lesse induktief onderrig moet word. (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou